

Plaaslike witmielie mark in konteks


Luan van der Walt, Ekoonom, Graan SA

12 Oktober 2016

Die afgelope jaar is geken aan baie moeilike omstandighede in die landbou bedryf. Hierdie moeilike situasies en onsekerhede het hand aan hand gepaard gegaan met die droogte waaronder Suid Afrika gebuk gegaan het die afgelope jaar. Die droogte wat erg gewoed het oor groot dele van die somersaaigebiede het baie onsekerhede en vrese in die plaaslike graan markte geskep. Die groot debatte was rondom hoe die jaar se produksies gaan lyk en die vrese het ontstaan of daar genoeg plaaslik geproduseer gaan word. Die ander groot punt van bekommernis was die vraag of die Suid Afrikaanse invoer infrastruktuur genoegsame invoere sal kan hanteer indien daar groot hoeveelhede ingevoer moet word. Die verskeie onsekerhede het tot 'n groot mate paniek in die markte geskep en die plaaslike pryse het teen rekord vlakke verhandel wat baie hoog was.

In baie gebiede was die boere genoodsaak om later as normaal te plant as gevolg van die reën wat laat in die seisoen eers genoegsaam geval het. Dit het die vrese laat ontstaan dat die koue die produsente vroeg kon vang wat weer nadelig vir die produksie sou wees. Die seisoen het op die ou end van die dag beter as verwagtinge uitgedraai en die opbrengste het beter gelyk as wat aanvanklik in die seisoen verwag was. Daar is ook gesien dat invoerders vroeg in die bemarkings seisoen alreeds begin reageer het op die vrese dat daar aansienlike tekorte kan ontstaan en het hulle dus alreeds van week 3 in die bemarkings seisoen af witmielies begin invoer. Ander faktore wat noemenswaardige effekte op die plaaslike mieliepryse het, is die wisselkoers. Verskeie ekonomiese en politieke faktore plaaslik en internasionaal het bygedra tot 'n baie onstabiele wisselkoers en dit het 'n groot impak op die pryse.

Die seisoen wat op die ou end van die dag beter gelyk het en die plaaslike produksies wat hoër as verwagtinge was tesame met die invoere wat goed ingekom het, het weer druk op die pryse begin plaas en die plaaslike pryse het onder druk gekom. Daar is verskeie faktore wat bygedra het tot die prysdalings en dit strek vanaf 'n versterkte wisselkoers tot en met oesdruk wat die pryse onder druk geplaas het. Die internasionale mieliepryse is ook onder druk en dit het ook 'n impak op die plaaslike pryse. Die noodsaaklikheid het egter ontstaan om te gaan kyk na 'n internasionale witmielie pryse vanwaar pariteitspryse kon bereken word en dus die plaaslike pryse daarmee vergelyk. Figuur 1 toon die plaaslike SAFEX witmielie pryse teenoor die berekende VSA witmielie invoer pariteitspryse gelewer in Randfontein. Die pryse sluit die pryse van die VSA se GMO en nie GMO pryse in.




Figuur 1: Witmielie pariteitspryse teenoor plaaslike SAFEX witmielie pryse

Bron: Graan SA

Figuur 1 toon die witmielie pariteitspryse sowel as die plaaslike SAEFX pryse vanaf November 2015. Dit is duidelik uit figuur 1 dat die plaaslike pryse teen besondere hoë vlakke verhandel het toe dit deur die invoerpariteitsprys vlakke gebreek het teen einde Desember 2015. Die pryse het egter baie siklies beweeg van daar af en het hoër as die invoer pariteitspryse verhandel, Die plaaslike prys het teen hierdie vlakke bo die invoer pariteitspryse verhandel en tot en met middel Augustus 2016 waar die pryse laer begin verhandel het en vandaar selfs onder dit verhandel het.


Figuur 2 toon die maandelikse gemiddelde pariteitspryse teenoor die plaaslike prys sowel as die plaaslike totale witmielie aanbod en die voorraadvlakke op 'n maandelikse basis. Dit is duidelik uit figuur 2 dat daar wel 'n eeffe van 'n korrelasie tussen pryse en aanbod sowel as voorraadvlakke bestaan. Dit styging in voorraad vlakke het die pryse onder druk begin plaas en die pryse het begin daal. Daar kan ook gesien word dat die internasionale pryse begin daal het wat ook druk op die plaaslike pryse geplaas het.



Figuur 1: Pariteitspryse, SAFEX WM pryse totale WM aanbod en maandelikse WM voorraadvlakke

Bron: Graan SA en SAGIS

Figuur 3 toon die pariteitspryse teenoor die Safex witmielie pryse asook die plaaslike voorraadvlakke en totale aanbod van witmielies vanaf November 2015 tot en met Augustus 2016. Dit is bereken in terme van indeks waardes om dit meer vergelykbaar te maak met November 2015 as die basis waardes. Die indeks waardes toon die korrelasies tussen die pryse mooi en dui ook op die tempo van verandering tussen die verskillende pryse en die voorraadvlakke.



Figuur 3: Indeks waardes

Bron: Graan SA

Dit is duidelik uit figuur 3 dat daar 'n negatiewe korrelasie tussen die plaaslike pryse en die totale aanbod sowel as die voorraadvlakte is. Daar is ook 'n positiewe verwantskap tussen die pariteitspryse en die plaaslike pryse.

Ten slotte

Die pryse was die afgelope maand onder druk weens verskeie faktore dit sluit in die versterking in die wisselkoers, daling in die internasionale pryse asook die produsente lewerings. Die pryse het ook weer die normale siklus gevolg waar pryse normaalweg Augustus en September daal weens oeslewerings. Die pryse is ook gebaseer op VSA pryse en in terme van Meksiko pryse verhandel die pryse teen 'n invoerpariteitsvlak van rondom R4000/ton. Die wisselkoers bly ook uiters belangrik vir die plaaslike pryse. Die volatiliteit en onvoorspelbaarheid van die wisselkoers maak dit egter 'n baie onseker element.